Mediaverklaring

27 Mei 2020

’n Unieke konsert om ’n belangrike datum te herdenk

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) gaan op 16 Junie vanjaar ’n unieke virtuele konsert aanbied.

Vir die eerste keer in die geskiedenis gaan die Voortrekkermonument se vooraansig as grootskerm vir dié konsert gebruik word.

Hierdie vertoning is die eerste in ’n Hier staan ons-konsertreeks, waar Jak de Priester as gasheer gaan optree.

Volgens dr. Danie Langner, uitvoerende hoof van die FAK is die doel van die Hier staan ons-konsertreeks om “deur erkenning aan ons Afrikaanse legendes en die herdenking van belangrikste historiese dae ook fondse in te samel vir die FAK-Geskiedenisfonds wat ten doel het om Afrikanermonumente te help. 16 Junie is ’n unieke historiese datum, omdat die Verskroeideaardebeleid op dié dag 120 jaar gelede tydens die Anglo-Boereoorlog aangekondig is. Meer as 22 000 kinders het as gevolg van die allerverwoestende beleid in konsentrasiekampe gesterf en duisende plase en dorpe is afgebrand. Ons mag dít nie vergeet nie.”

Vir die eerste herdenkingskonsert op 16 Junie gaan Steve Hofmeyr die gaskunstenaar wees. Hofmeyr sê self in ’n video, waar sy gesig op die “erfeniskolos” soos hy na die Voortrekkermonument verwys, vertoon word: “Monumente dra nie maskers nie, daarom samel ons ietsie in vir ons monumente wat regoor die land ’n bietjie olik begin lyk.”

Hofmeyr beplan om vir die herdenkingskonsert verskeie FAK-liedjies en enkele patriotiese liedere te sing. Hy sal ook van sy bekendste liedjies soos “Pampoen” sing, terwyl De Priester hom ook vrae oor sy musiekloopbaan, wat langer as drie dekades strek, sal vra.

Joe Engels, eienaar van Xtreme Productions wat hierdie konsert moontlik gaan maak, verduidelik dat die Voortrekkermonument self as skerm sal dien vir dié konsert.

“Konserte is oor die jare heen by al die verskeie terreine en selfs voor die trappe van die Voortrekkermonument aangebied, maar nog nooit op dié monument self lewensgroot vertoon nie. Dié monument is 1 600 vierkante meter groot en 40 m x 40 m. Dit is gróót. Die hele Pretoria sal dit kan sien.”

De Priester sê: “Covid-19 het ons gewys dat bakens, besighede, tydskrifte, wat ons hele lewe nog saam met ons was, skielik net nie meer daar is nie. Ons erfenisterreine en monumente staar presies dieselfde gevaar in die oë. Kan jy jouself voorstel: ’n Pretoria sonder ’n werkende Voortrekkermonument of die Paarl sonder die lieflike Taalmonument of Bloemfontein sonder die Vrouemonument?”

Die FAK en De Priester het daarom hande gevat om ons land se monumente met dié reeks konserte aanlyn aan te bied. Met elke konsert sal De Priester ’n ander gas verwelkom.

Die FAK het onlangs as deel van sy geskiedenisfonds ’n omvattende hulpprogram ter ondersteuning van Afrikanermonumente bekendgestel om hulle finansiële oorlewing te midde van die Covid-19-pandemie te verseker.

Volgens Langner is monumente “inspirasieplekke wat ons sigbaar herinner aan die vele uitdagings wat ons voorgeslagte met onderskeiding te bowe gekom het. Elke monument wat deure moet sluit, is nie net ’n langtermynverlies vir Afrikaners se kultuurhistoriese erfenis nie, maar ’n kultuurhistoriese ramp.”

Deel van die hulpprogram is nie net finansiële steun uit die FAK se Geskiedenisfonds aan monumente in nood nie, maar ook dié reeks aanlyn konserte en uitreik van kultuurkaarte aan FAK-vriende. Deur middel van dié kaarte sal FAK-vriende agtergrondinligting kry oor verskeie historiese plekke, ’n roetekaart na monumente en ook afslag met toegangsgelde.

“Die staat gaan nie ons monumente help nie. Afrikaners sal self verantwoordelikheid moet aanvaar om in krisistye ons geskiedenis vir ons nageslag te bewaar. Die kultuurkaarte is nie net praktiese bemarkingshulp aan ons monumente om meer voete te lok nie, maar saam met finansiële ondersteuning ’n daadwerklike poging om ons erfenis se deure oop te hou.”

Die Voortrekkermonument in Pretoria is een van die instellings op die FAK se prioriteitslys. Weens die verlies aan toerisme-inkomste omrede die nasionale staat van inperking is dié instelling een van die plekke wat moontlik sy deure kan sluit.

Kaartjies kos net R50 en is by https://plankton.mobi beskikbaar. Met dié kaartjie kan jy en jou hele gesin saam na die konsert vanuit julle sitkamer kyk of waar julle ’n vleisie op die kole braai.